**Ons gee God se Hoop en liefde aan**

**Diensnuus**
**21 Junie 2026**

**VADERSDAG**
**09:30 Erediens / Kategese Afsluitng**
**09:00 Botrivier Erediens - Ds. Dewald du Toit**







## 01 DAGBOEK :

20 Junie: Weduwee op wiele

21 Junie: Kerkraadsbevestiging / Kategese afsluiting/Vadersdag

26 Junie: Skole sluit

Verlof:

Ds. Awie Brand : 9 Junie -26 Junie
Ds. Dewald du Toit : 22 Junie – 21 Julie
Ds. Willem Lubbe: 29 Junie – 16 Julie

## ONS BID VIR :

Johan Coetzee

Pieter Le Riche

Bennie Basson

Stephanie Visser

Martin Eksteen

***Troos:*** Ons dink aan familie en vriende met die afsterwe van tannie Rita Jackson.

Ons dink aan Teresa Roux, familie en vriende met die afsterwe van haar ma.

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Riëtte Steyn

Leonie Blom

Heleen Lombard

## 03 Kerkraadbevestiging: 21 Junie 2026

Ons neem op 21 Junie, ná die **Kerkraadsbevestiging**, 'n foto van die **nuwe** en **uittredende** Kerkraad.
Hou asseblief net 'n paar minute ná die diens oop sodat ons almal saam op die foto kan kry.
Dankie, ons sien uit daarna!

## 04 BEGRAAFPLAAS:

Enige persoon wat geliefdes op die begraafplaas het en belangstel om betrokke te raak by die instandhouding en versorging van die terrein, kontak gerus die kerkkantoor. Ons waardeer elke hand wat help.

## 05 ALGEMENE INLIGTING:

**SAAM BID:**

*Woensdae oggende* - 06:45 Laerskool Overberg
Donderdae oggende - 05:00 Gebedskamer

Snap here to pay
SnapScan

SnapScan is beskikbaar tussen banke. Dankie

https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## 06 DIENSBEURT:

**21 Junie**

Krige

*Baie dankie*

**28 Junie**
Vakansie, self help

# Alfa Generasie en geloof.

Die vraag wat baie by my opkom: **Hoe inspireer** ek kinders om God beter te dien? Hoe inspireer ek kinders om te groei in hul verhouding met God deur Jesus Christus? In `n generasie groep wat gebore is tussen 2010 en vandag is hulle “wêreld” soveel anders as die “wêreld” waarin ons leef. Hulle realiteit is meer hibried as myne(en waarskynlik joune). Daarmee bedoel ek dat hulle leef in die tegnologiese AI wêreld en ook gelyktydig in die “regte wêreld” waarmee ons generasie meer bekend is. Hulle ken nie `n wêreld sonder AI nie, en ons(ek) verstaan nie `n wêreld met AI nie. Iewers bly dit my en jou as ouer se roeping om ons kinders te leer en inspireer met die Waarheid van Jesus as Seun van God. Vir hulle is dit soms moeilik om te onderskei tussen die verhale van die Bybel en die “multiverse” van die comic wêreld(die multiverse is klomp sci-fi universes wat selfs kan oorvleuel. En daar is karakters soos superhelde in daardie universes wat almal `n storie van sy eie het. So die Bybel verhale pas vir hierdie groep so maklik in daardie metafoor of vergelyking dat hulle die waarheid mis van ons geloofsverhale wat gegrond is in die werklikheid en ware geskiedenis). Jy sien dus my uitdaging?

**Bietjie inligting oor die alfa-generasie: navorsing gedoen op 2783 kinders**.

Gebore na 2010, en die mees diverse groep as dit kom by ras verskille en polarisasie is `n realiteit vir hulle.

In hul vormingsjare het die Covid pandemie `n groot rol gespeel. 55% sê dat dit hul steeds beïnvloed.

Hulle worstel met geestesgesondheid. 40% het geestegesondheids uitdagings.

25% sê dat hul geloof beïnvloed is/was deur iets wat hulle online beleef het.

Die grootste invloed in hul lewens is die opkoms van die AI tegnologie. Hulle ken nie `n wêreld daarsonder nie.

**Wat my hoop gee is hul uitkyk op geloof, familie en mentorskap**.

93% van hierdie groep sê dat **geloof** `n groot rol speel in hul dag tot dag lewe en optrede. 90% voel dat geloof baie belangrik is vir hulle. Volgens die navorsing is **ouers** die grootste invloed op hul vorming van geloof, waardes en gevoel van behoort/identiteit. Die harde realiteit is dat hulle voel vyf keer meer kwesbaar wanneer dit kom by vertroue in `n ouer persoon waarmee hulle kan praat oor hul geloof en moeilike vrae. Hulle voel baie vinnig veroordeel en sluit dan af. Daarom sê hulle met oortuiging dat hulle baie sal groei en waarde vind in `n **mentor**(ouer persoon) wat hulle kan begelei en help.

Die rede hoekom hierdie my hoop gee is dat ek geloof met hulle wil deel. Ek wil graag die waarheid van ons geloof met hulle deel. Ek wil hulle inspireer met die kennis van Jesus se liefde en God se genade. Dis goed wat my opgewonde maak. Dit gee my hoop dat hulle steeds waarde in geloof erken en selfs soek. Daarom wil ek ouers veral ook in nooi in die gesprek in. Ouers speel so groot rol in die groep tieners se lewens. Ons as ouers het dalk nog vasgehaak in ou uitdrukkings van hoe ons en tieners nie altyd oog tot oog sien nie... met al die hormone ens. Wat `n rol speel in ons kommunikasie. Dit veroorsaak uitdagings. Maar wat ouers in die stuk moet hoor is dit: Jou kind besef die invloed wat jy op hom/haar het. Jou kind voel regtig net veilig by die huis. Jou kind wil tyd met jou hê om hom/haar te lei deur die doolhof van die lewe. Hulle kort wysheid en hulle weet dit. Hulle kort nie inligting nie, en jy weet dit. Hulle kort jou deurleefde geloofstorie. Dis ook hier waar ek ouer persone weer wil bewus maak van jou invloed op `n jonger generasie. Hulle het nie jou oordele nodig nie. Hulle het jou liefde en getuienis nodig. Jy kan as mentor in hul lewens optree as jy dit kan regkry om met integriteit op te daag. Wantroue is sterk in hul “DNA”, maar jou betroubare konstante opdaag gee hulle hoop en rigting. Dit inspireer(blaas lewe in).

# VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Jani | Crous | 06/19 |
| Emile | Dowling | 06/19 |
| Nelita | Langenhoven | 06/19 |
| Junianna | Louw | 06/19 |
| Beatie | Smith | 06/19 |
| Janiel | Smith | 06/19 |
| Hanneke | Beukes | 06/20 |
| Marlize | De Kock | 06/20 |
| Kira | Essig | 06/20 |
| Anneen | Groenewald | 06/20 |
| Maans | Kotzé | 06/20 |
| Riaan | Van Lille | 06/20 |
| Johan | Viljoen | 06/20 |
| Eben | Beukes | 06/21 |
| Lambert | De Wet | 06/21 |
| Reghard | Heyns | 06/21 |
| Louis | Kriel | 06/21 |
| Kitie | Louw | 06/21 |
| Ray | Rademan | 06/21 |
| Lize-Marié | Basson | 06/22 |
| Rudi | Coetzee | 06/22 |
| JD | Otto | 06/22 |
| Elsabé | Van der Merwe | 06/22 |
| Ewald | Van der Walt | 06/22 |
| Arnold | Van Niekerk | 06/22 |
| Coreen | De Kock | 06/23 |
| Liezel | Kershoff | 06/23 |
| Kobus | Oosthuizen | 06/23 |
| Lucas | Robertson | 06/23 |
| Nico | Van Niekerk | 06/23 |
| Aljoma | Wessels | 06/23 |
| Francois | Badenhorst | 06/24 |
| Leoni | Blom | 06/24 |
| Stiaan | Du Toit | 06/24 |
| Jano | Groenewald | 06/24 |
| Janneman | Stander | 06/24 |
| Michelle | Stofberg | 06/24 |
| Jane | Bezuidenhout | 06/25 |
| Anine | Du Toit | 06/25 |
| Wessel | Swart | 06/25 |
| Ilse | Van Niekerk | 06/26 |
| Michelle | Van Niekerk | 06/26 |
| Nelia | Swart | 06/27 |
| Sas | Basson | 06/28 |
| MB | Basson | 06/28 |
| Trixi | Le Roux | 06/28 |
| Antonie | Linde | 06/28 |
| Kara | Van Niekerk | 06/28 |




Saterdag 27 Junie 2026

10:00 – 13:00

# ACVV CALEDON PROTEA DIENSSENTRUMBESTUURDER

Aansoeke word ingewag vir 'n Bestuurder van die gemeenskapsgebaseerde diens aan ouer persone.
**5 DAE PER WEEK: 6 UUR PER DAG (30 uur per maand)**

**Sleutelprestasie-areas behels onder meer:**

- Die Bestuur van Dienssentrum vir 'n optimale diens aan ouer persone wat in die gemeenskap woonagtig is
- Menslike hulpbronbestuur, insluitende vrywilligers
- Finansiële bestuur, fondswerwing en bemarking
- Skakeling met die bestuur, dienssentrumlede, gemeenskap en relevante rolspelers

**Posvereistes:**

- Ten minste Gr 12 NSS
- Kennis en ervaring van ouer persone, insluitend toepaslike Wetgewing
- Goeie menseverhoudinge en die vermoë om binne spanverband te werk
- Die vermoë om toepaslike dienste daar te stel en aktiwiteite aan te bied
- Persoon moet fondsinsamelings organiseer en na-ure ook beskikbaar wees om te kan koördineer
- Kennis en ervaring van Menslike Hulpbronbestuur en Finansies
- Jaarlikse verlof volgens ACVV Personeelreëls en word gedurende Desember/Januarie geneem, aangesien die Sentrum vir daardie periode gesluit is. Indien Bestuurder gedurende die jaar verlof (1 week of langer) sou wou neem, sal dit onbetaald wees om aflos persoon te kan vergoed.
- Tweetalig: Afrikaans en Engels
- Rekenaarvaardig - alle korrespondensie en verslae word per rekenaar gedoen
- Geldige bestuurslisensie met geldige PDP
- Polisieklaring

**AANSOEKE SONDER NODIGE STAWENDE DOKUMENTE, SAL ONMIDDELLIK VERWERP WORD.**

**Aanbevelings:**

- Vorige ervaring in die bestuur van dienste aan ouer persone
- Vorige ervaring in die ACVV sal tot u voordeel wees
- 'n Salarisverwagting moet asb u aansoek vergesel

Handig asb volledig voltooide aansoekvorm, volledige CV, met gesertifiseerde afskrifte van relevante dokumentasie, soos op aansoekvorm gespesifiseer, per hand in by Protea Dienssentrum, Hoopstraat 3 (agter NG Kerk in die middedorp, Caledon) tydens kantoorure – Maandae tot Vrydae tussen 8:00 en 12:30.

**Sluitingsdatum: 20 Julie 2026 om 12:30**

**Diensaanvaarding: 15 September 2026**

**Indien u nie teen 15 Augustus enige terugvoer gekry het nie, aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie**

**ACVV IS NIE VERPLIG OM ENIGE AANSTELLING TE MAAK NIE**

**Kontak Marlene Rousseau by 082 570 6693 vir Aansoekvorm of verdere navrae.**